
Publication: Landbouweekblad
Date: Friday, May 17, 2019
Page: 28





# Om te erf het perke

**Erfgename dink dalk 'n testament waarin bates aan hulle bemaak is, moet tot die letter uitgevoer word. Die eksekuteur moet egter eers seker maak al die uitgawes kan betaal word en dat die testateur se wense uitvoerbaar is.**

Ná sy pa se dood het die seun by die huis ingestap en gevat wat hy meen syne is omdat die pa in sy testament gesê het die seun erf sekere bates. Mag die seun dit doen?

Nee, hy mag nie. Die feit dat die pa die bates in sy testament aan die seun bemaak het, gee die seun nie die reg om dit vir homself toe te eien ná sy pa se dood nie.

Die Suid-Afrikaanse regstelsel werk nie so nie. Niemand het 'n reg om te erf nie.

Volgens ons regstelsel het jy die vryheid om jou goed te bemaak aan wie jy wil. Jy mag selfs voorwaardes in jou testament stel waaraan erfgename moet voldoen. In ons reg is slegs enkele beperkinge op 'n mens se testeervryheid, waarop ek nie vandeesweek ingaan nie, maar in breë trekke mag dit nie onwettig wees, indruis teen die morele en sedelike norme van die samelewing, of onuitvoerbaar of onmoontlik wees nie.

Selfs wanneer 'n persoon testamentêr as 'n erfgenaam aangewys word, het hy of sy bloot 'n hoop of verwagting om te kan erf en geen reg daartoe nie. Die reg om te erf vestig eers by die testateur se dood. Dan is dit steeds, om dit eenvoudig te stel, net 'n reg om te mag erf.

Die erfgenaam word nie die eienaar van die erfbate nie. Die eksekuteur neem beheer oor al die boedelbates en word die eienaar daarvan in sy of haar hoedanigheid as eksekuteur om dit volgens wet te administreer.

Die eksekuteur staan nie in die oorledene se skoene nie en hy of sy is ook nie 'n agent vir die erfgenaam nie. Die persoon se werk is om die boedel te administreer.

Nou kom ons by die kern van vandeesweek se rubriek. Dit is belangrik om die reg van jou erfgenaam om te mag erf, of die vermoë van jou erfgenaam om te mag erf, in gedagte te hou wanneer jy jou testament opstel. Die feit dat jy byvoorbeeld die plaas aan jou seun bemaak het, skep nog geen sekerheid dat die seun wel uiteindelik die plaas gaan kry nie.

Van die grootste oorsake wat kan voorkom dat jou wens uitgevoer word, sal byvoorbeeld 'n kontanttekort in die boedel wees. Belasting, skuldverpligtinge, sterfbedkoste – mediese behandeling met 'n lang siekte voor sterfte kan baie duur wees – en ander verpligtinge kan daartoe lei dat die plaas verkoop moet word om vir boedeluitgawes voorsiening te maak.

Om al jou goed spesifiek te bemaak is eweneens 'n probleem, want dan is daar nie genoeg in die restant van die boedel om uitgawes te betaal nie.

Of jy bemaak al jou ander goed spesifiek en bemaak die restant, waaronder die plaas, aan jou seun. Met net die plaas in die restant het jy dieselfde probleem geskep wat betref die boedeluitgawes wat betaal moet word, want dit word uit die restant verhaal.

## GEVALLESTUDIE

As voorbeeld kan ons kyk na 'n onlangse saak in die Oos-Kaapse hooggeregshof waar so 'n geval juis ter sprake gekom het.

Die oorledene het 'n huis aan sy begunstigde bemaak en dié het aanvaar dit is nou sy huis en geweier om dit te ontruim. Die oorledene se vrou het egter 'n eis teen die boedel ingestel ingevolge die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (27 van 1990).

Wat baie mense soms uit die oog verloor, is dat om in 'n huwelik te wees, 'n vereiste van onderhoud skep. Dit is wat hierdie wet ná dood bevestig. Só 'n eis het dieselfde regskrag as die eis van 'n minderjarige kind en kry voorkeur bo enige bemaking.

In hierdie geval het die boedel nie genoeg kontant gehad om aan die vrou se eis te voldoen nie. Gevolglik het die hof beslis dat die erfgenaam se reg om te mag erf ondergeskik gestel moet word aan die vrou se eis om onderhoud.

Die huis moet dus verkoop word en hy erf niks nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisiko-bestuursmaatskappy.*

NAVRAE: Nico van Gijsen, e-pos: **nico@finlac.com, 021 461 2067**.

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.